

## 26.2 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE NOORDWES OOR EIENDOMSREG IN SUID-AFRIKA (Artt 153, 238)

- A. Ds AB van der Walt stel die Beskrywingspunt.
- B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Kerkgroei en Kerklike Sake.
- C. Ds J Malan rapporteer namens die Kommissie Kerkgroei en Kerklike Sake.

### D. BESKRYWINGSPUNT

#### 1. Beskrywingspunt

- 1.1 Streeksinode Noordwes versoek die Algemene Sinode van die GKSA om leiding te gee oor die brandende kwessie van eiendomsreg in ons land sodat die GKSA opnuut 'n Bybelse standpunt oor die kwessie kan inneem.
- 1.2 Hierdie getuienis saam met ander Christelike kerke met die owerheid(e) opgeneem word.”

#### 2. Beredenering en motivering

- 2.1 Eiendomsreg is die afgelope tyd gereeld in die spervuur weens wette, wat deur die regering in oorweging is. Voorstelle soos dat die helfte van plase aan werkers gegee moet word, word tans algemeen gedebatteer. Ook ander voorstelle kom gereeld op die tafel.  
Die uitgangspunt van die gronddebat is geskoei op persepsies wat eers behoorlik as waar getoets en bewys behoort te word. Alvorens die regte feite nie op die tafel geplaas is oor beskuldigings dat grond in die verlede gevat is op 'n sogenaamde onregmatige wyse nie, kan nie verder gepraat word oor herverdeling van grond nie. Die boodskap van die negende gebod is nou uiters ter sake en is 'n onontbeerlike voorwaarde om uiteindelik 'n polities plofbare situasie te ontlont en regverdige en ekonomies haalbare oplossings te vind.
- 2.2 Eiendomsreg is 'n beginsel wat regdeur die Bybel voorkom. En of die voorstanders van sekere standpunte rondom die gronddebat die Bybelse beginsels aanvaar of nie, dis ons taak as kerk om die lig van die Woord op dié kwessie te laat skyn.  
In die Ou Testament word Abraham byvoorbeeld deur God na 'n vreemde land gestuur en God beloof om dit aan sy nageslag te gee. Hoewel hy 'n nomadiese bestaan voer, koop hy die spelonk van Magpela vir vier en 'n half kg silwer by die seuns van Het (Gen 23) om Sara te begrawe. Die Here gee ook deur Moses wette, wat die eiendomsreg beskerm van mense wat verarm en hul grond verloor, soos die lossingsreg en die jubeljaar (Lev 25:23-55).  
In die Nuwe Testament is ook sprake dat die besit van eiendom 'n gegewe reg is. Ons sien onder andere in Hand 4:32-37 dat gelowiges hul eiendom verkoop het.  
Die agtste gebod gaan ook van die veronderstelling uit dat eiendom in die lewe van die mens legitiem is. In die Heidelbergse Kategismus word van eiendom ook geen probleem gemaak nie, maar as vanselfsprekend aanvaar. Die goeie reg van eiendom word dan nie alleen erken nie, maar ook deur die agtste gebod in beskerming geneem. Daar is dinge wat nie aan my nie, maar aan ander behoort. Ek mag nie wederregtelik daarop beslag lê nie.
- 2.3 Wanneer in die Bybel van besitreg/eiendomsreg sprake is, moet benadruk word dat die mens nooit absolute of volstreekte besitreg of beskikkingsreg oor sy eiendom verkry nie. God is die Alleen-Eienaar van alles en almal. Die mens kan hoogstens bestuurder of rentmeester van God se goed genoem word. Die mens is dus aan God rekenskap verskuldig. Die mens kan nie met God se goed maak wat hy wil nie.

- 2.4 Die agtste gebod bepaal dat jy nie mag steel nie. Die Heidelbergse Kategismus verklaar die gebod soos volg:

*Vraag 110: Wat verbied God in die agtste gebod?*

*Antwoord:* “ God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of ‘n skyn van reg soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes.”

Deur wette te maak wat die eiendom van burgers vervreem (1) Sonder dat bewys is dat die eiendom onregmatig bekom is; (2) sonder vergoeding aan die eienaar, deurdat die “vergoeding” (a) nie markverwant is nie, of (b) in ‘n trust vir bedryfskoste geplaas word ; (3) en die eiendom of ‘n deel van die eiendom dan aan ander gegee word, is ‘n skyn van reg. Daarom kan geen Christen deelneem aan so ‘n projek, hetsy om grond beskikbaar te stel, die projek te bedryf of grond te ontvang nie. Daardeur maak hy hom self ook skuldig aan die agtste gebod en faal hy as rentmeester

- 2.5 Die regering stel dit telkens voorop dat na die belange van die armes gekyk moet word. Die Bybelse boodskap oor besitreg/eiendomsreg plaas ook groot klem op die armes. Ruimte moet geskep word om die arme in jou midde nie in sy ellende te laat vergaan nie, maar om juis daaruit te kom. Dit is deels ingebou in wetgewing soos die Sabbatsjaar en die Jubeljaar; en ook in die maniere waarop ‘n boer sy oes moet insamel. In die eerste gemeentes in Handeling 4 is die omgee vir mekaar en die uitreik na mekaar – die spontane bydrae van die gemeente in Antiogië, Hand 11 treffend beskryf. Later lees ons ook van Paulus se groot insameling vir die volksgenote in Jerusalem.

Die agtste gebod spreek ook die probleem van die armes/behoeftiges aan as in *vraag 111* van die Heidelbergse Kategismus gevra word: *Maar wat gebied God in hierdie gebod?*

*Antwoord:* “Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat die mense my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.”

Om my naaste se belange te bevorder, is die uitdeel van toelaes nie noodwendig die beste oplossing nie. Om grond te verdeel is eweneens nie ‘n oplossing sonder meer nie. Deur positief volgens die Woord van God ‘n werkskultuur te skep en die klimaat vir goeie ekonomiese bedrywighede daar te stel, sal baie meer help. Daarom moet die kerk die lig van die Woord op die hele kwessie van eiendomsreg laat skyn, sodat na ingeligte, verantwoorde oplossings gesoek kan word saam met al die belanghebbendes.

## **E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Om die Sinode te adviseer oor die Beskrywingspunt Streeksinode Noordwes oor eiendomsreg in Suid-Afrika.

**Besluit: Kennis geneem.**

### **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem**

Die Kommissie het kennis geneem van die aktualiteit van die Bybelse beginsels oor eiendomsreg by die herstel van grondregte, ook in die lig van die groot armoede in ons land en die bevordering van my naaste se belange. Die Beskrywingspunt bied ‘n Skrifgefundeerde getuienis oor die beginsels ter sprake wanneer hierdie probleem aangepak en daaroor gepraat word. Verder moet onderskei word tussen studie oor die saak vir politieke/maatskaplike doeleindes en ‘n kerklike getuienis daarvoor. Diepgaande studie is al deur verskeie instansies oor die onderwerp gedoen.

### Bevinding van die Kommissie

- 2.1 Die Kommissie is van mening dat die Sinode haar met hierdie Beskrywingspunt se bevinding en motivering kan vereenselwig as 'n getuienis wat van die Sinode kan uitgaan.
- 2.2 Dit is belangrik dat die Sinode pt 1.2 van die Beskrywingspunt ter harte neem terwille van die effektiwiteit van so 'n getuienis. Daarom volg 'n aanbeveling oor samewerking met die parlementêre lessenaar.
- 2.3 'n Onmiddellike persverklaring sal nie nou die aangewese weg wees nie. Dit sal meer gepas wees indien 'n berig sou verskyn dat die Sinode so 'n getuienis lewer wat ook die aard van die besluit weergee.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.**

### **3. Sake waaroor die Sinode besluit**

#### *Aanbevelings*

- 3.1 Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunt as 'n kerklike getuienis oor die beginsels ter sprake by die proses van grondhervorming.
- 3.2 Die inhoud word verwys na die *Deputate Owerheid* om in samewerking met die parlementêre lessenaar met die owerheid op te neem.
- 3.3 Die Perskommissie word versoek om behulpsaam te wees met 'n ter sake berig oor hierdie Beskrywingspunt.

**Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.**